Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

31 Mei 2024 Uitgawe: 9/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

**Buitemuurs**
Die rugby- en netballiga is nou afgehandel en die hokkie-oefeninge het sommer dadelik afgeskop. Dankie aan al die ouers wat die hokkie inligtingsvergadering op Dinsdag, 28 Mei bygewoon het. Ek is seker daarvan dat u nou bewus is van hoe die proewe werk, asook hoe die seisoen daar uit gaan sien. Indien u nog enige verdere inligting verlang, kontak gerus vir juf. Mariandel Nortje.

Let asb. daarop dat alle buitemuurs vandag stop vir die kwartaal. Slegs die hokkieproewe sal gedurende die eksamen in skooltyd plaasvind. Die buitemuurse rooster vir kwartaal 3 sal binnekort versprei word.

**Eksamen**

Die eksamen vir die Gr. 4-7 leerders begin op Maandag, 3 Junie. Die leerders het reeds hul eksamen se afbakening ontvang. Maak asb. seker dat u kind dit wel ontvang het, sodat hul deeglik kan voorberei vir die eksamen.

**Let asb. daarop dat die skool gedurende die eksamen steeds om 7:30 begin, maar om 12:00 verdaag. Geen kinders mag voor 12:00 afgehaal word nie.**

**Woord van dank:**

Hierdie sal die laaste WEEKBLAD-uitgawe van die kwartaal wees.

Gun my die geleentheid om elke ouer en onderwyser te bedank vir u ondersteuning en bydrae deur die kwartaal. Die kwartaal was lekker besig, maar daar was baie hoogtepunte. Ons is werklik trots op ons Tjokkie-leerders wat op alle terreine goed presteer.

My wens is dat elke gesin hierdie wintervakansie sal tyd maak om bietjie by mekaar uit te kom en tyd as gesin saam te spandeer.

Volgende kwartaal gaan weer baie besig wees.

Indien daar enige ander belangrike nuus plaasvind, sal dit via D6 aan u gekommunikeer word.

# ANDER

**Personeel**

Namens die skool en personeel wens ons juf. Rozanne Koen en haar man Cobie baie geluk met die geboorte van klein Hanco op Woensdag, 29 Mei. Ons vertrou dat ma en baba sommer vinnig aansterk en sal kan huis toe gaan.


Die skool wil ook graag vir juf. Caitlyn Griesel bedank vir haar dienste die afgelope 2 kwartale. Sy het in die plek van juf. Leonie Corbett afgelos, maar het 'n nuwe aanstelling by Hoërskool Jim Fouché gekry. Ons wens haar net die beste toe vir die toekoms.

Juf. Leonie is vir 'n verdere kwartaal afgeboek met siekverlof. Juf. Marizel Venter sal by juf. Caitlyn oorneem vir die derde kwartaal. Juf. Marizel het vroeër hierdie kwartaal ook vir die Gr. 6-leerders Engels gegee en is vertroud met die leerders.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 31 Mei: | GSF Entrepreneursdag |
| 3 Jun.: | Eksamen begin |
| 7 Jun.: | GSF Redenaarsopleiding |
| 13 Jun.: | Eksamen eindig |
| 14 Jun.: | Skool sluit om 10:00 |
| 4-7 Jul.: | Spotisimo Hokkietoer |
| 9 Jul.: | Skole heropen |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 2 Jun.: | Juf. Jo-Retha Rossouw (Musiek) |
| 7 Jun.: | Mnr. Gunter (Skoolhoof) |

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

Die besigste van besige kwartale staan einde se kant toe en iewers in die kwartaal moet ons met eerlike harte erken dat die prioriteite soms deurmekaar geloop het ...

In Romeine 12:2:

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Mag ons elkeen God se aangesig soek in ons daaglikse wandel...en dit in die woord...

2 Tim. 3:16 "Die woord het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaalleer te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswandel te kweek...SODAT...die man (vrou/kind) in diens van God volkome toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Here God, hou my visie op U. Mag ek drink uit U strome van lewende water. Mag ek in die wêreld wees maar nie van die wêreld...maak my oë oop Here om waarheid te sien en mag U waarheid my rigtingwyser wees. Amen.

## #TJOKKIESHOP

Let daarop dat die tye vir die #Tjokkieshop tydens die eksamen soos volg sal wees:

**Maandag:** **12h00 – 13h00**

**Woensdag:** **12h00 – 13h00**

**Vrydag:** **12h00 – 13h00**

Die winkel sal nie oop wees op Vrydag, 14 Junie 2024 nie.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

TJOKKIES

# VADERSDAG













# VERKOPE

| JUNIE | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|

**Voor Juf. Ursula se klas**

**KOM MAAK GERUS 'N DRAAI OM IETS SPESIAAL VIR PAPPA TE KOOP.**


BLOEM
PRETORIA
WITBANK
KIMBERLEY
WELKOM
impa.co.za
info@impa.co.za
051 432 8913
Inspired
45 Years
of local excellence
impa®
PAINTS
SABS
ISO 9001
SAPMA


BLOEMFONTEIN
MOTORS
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za
082 446 2174